



LAERSKOOL WONDERBOOM-SUID

EMIS: 231035, 12e Laan 785, WONDERBOOM-SUID, 0084

☎ 012 331 4142, ☎ 086 772 2314/086 772 2315

e-pos: lswbsoffice@telkomsa.net

Webtuiste: www.lswbs.co.za

07 Februarie 2013

Geagte Ouers

Ons het weer kopluisse in ons midde. Gee asseblief dringend aandag aan hierdie kwessie voordat dit vir u en vir ons 'n verleentheid raak. Indien daar nete in u kind/ers se hare gekry word, pas asseblief onmiddellike behandeling toe.

'n Volledige inspeksie sal op Vrydag, 15 Februarie 2013 op al die kinders se hare gedoen word. Indien daar nete in u kind/ers se hare gekry word, sal ons ongelukkig tot die drastiese stap moet oorgaan om die situasie aan die Gauteng Provinsiale Departement van Gesondheid te rapporteer. U sal dan genoodsaak wees om u kind/kinders uit die skool te hou totdat die probleem opgeklar het.

Die volgende wenke te **voorkoming van die probleem**:

- Bespuit (fumigate) die kind se kamer
- Was beddegoed in warm water en stryk met 'n warm strykyster
- Behandel die hele gesin se hare op die wyse soos hieronder voorgestel
- Kussings moet gewas word en aan sonlig blootgestel word
- Stel matrasse ook bloot aan sonlig
- Vermy fisiese kontak met besmette persone
- Vleg lang hare altyd
- Moenie borsels, kamme, knippies ens. deel nie
- Was borsels, kamme en ander haarbykomstighede met 'n geskikte ontsmettingsmiddel
- Hou borsels en kamme in 'n ligte oplossing van asyn

Raad oor hoe om die probleem te bekamp is soos volg:

Om luise te dood

2 eetlepels olyfolie

2 eetlepels bruinasyn

1liter warm water

Meng goed, gooi op kop en laat droog word.

Om kopluisse te voorkom

1 koppie virgin olyfolie

20 ml brandspiritus

20 ml witasyn

Meng goed en vryf in die kopvel in

Bedek hare met plastiek vir 4 ure

Kam hare goed uit

Was hare daarna met gewone sjampoe en gebruik haaropknapper

'n Ander alternatief is om u kind se hare so gereeld as moontlik met verdunde Savlonwater af te spoel. Nog 'n alternatief is om 'n paar druppels teatree-olie in sjampoe te gooi om te keer dat u kind nie weer kopluisse kry nie. Dr. Scheepers (Homeopaat) het kruie druppels wat gedrink kan word wat luise dood. Dr. Scheepers se kontaknommer is 012 335 5348.

Salon Body Mystique het onderneem om 'n pakket van sjampoe en opknapper aan die skool te verskaf teen R 100-00 wat baie effektief is om nete en luise te verwyder. Ouers wat belangstel kan die kantoor kontak.

Beskou hierdie saak asseblief as dringend en ernstig, want hierdie besmetting versprei maklik. Inspekteer hare op 'n gereelde basis omdat kinders baie maklik weer besmet kan raak

Dankie vir begrip en samewerking in hierdie verband.



MEV. C.W. PRETORIUS
HOOF